



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 153: 25 Mei 2018

'N UITDAGING, MAAR OOK 'N VOORREG

Om vandag onderwys te gee is beslis 'n uitdaging, maar seker die grootste voorreg wat 'n onderwyser kan smaak. Soos in enige beroep word onderwysers gereeld gekonfronteer met groot frustrasies en dikwels ook groot teleurstellings. Die Departement van Onderwys het oor die afgelope klompie jare die kuns vervolmaak om die onderwyser se werklike roeping só te kompliseer dat mens menige dae die handdoek wil ingooi. En wanneer mens bietjie kop optel, word jou menswaardigheid uitgedaag deur leerders wat oënskylik nooit die waardes van respek en omgee onder die knie kon kry nie. Genoeg om menige mens neerslagtig en moedeloos te laat.

Maar juis hier lê die wonder van die onderwys. Ons werk met unieke persoonlikhede en elke dag is 'n nuwe ervaring. Kinders het die ongelooflike vermoë om van gister te vergeet! Om te broei op "issues" is gewoonlik nie hulle styl nie, en al waarna hulle eintlik soek is 'n uitlaatklep om van gestoorde energie ontslae te raak!

Alles is egter nie maanskyn en rose nie. Die lewe van 'n tiener is vandag dikwels donker en kompleks. Sosiale media het 'n element in ons lewens losgelaat wat ons, ná etlike jare, steeds nie kan peil nie. Dis 'n wilde perd wat al hoe meer toertjies baasraak, en wat almal wat opklim op 'n rit neem waarvan die bestemming totaal onbekend is. En hulle moet "cope" met hierdie ongelooflik kragtige, en potensieel vernietigende, instrument in hul hande. En die ergste van alles is dat ons, hul onderwysers en ouers, eintlik nie 'n idee het hoe om aan hulle hieroor leiding te gee nie!

En daarom is onderwys so 'n voorreg. Dat die verantwoordelikheid vir die toekoms van elke kind in ons hande lê, om deel te wees van elkeen se ontdekkingsreis van die lewe. Sommige mag dalk hierdie verantwoordelikheid ligtelik opneem, maar by hierdie skool is die oorgrote meerderheid van die personeel diep onder die indruk van die uitdagings. Sonder ondersteuning word die uitdaging egter 'n berg wat nie geklim kan word nie. Die oes is groot en die arbeiders min. Kom ons dra mekaar op hierdie pad, ook in ons gebede. Ons is dit aan ons kinders verskuldig.

RAPPORTE HIERDIE KWARTAAL

Dit gebeur van tyd tot tyd dat die punte wat tydens die jaar op 'n bepaalde rapport verskyn, in die volgende kwartaal aangepas moet word weens moontlike foute of waar aanpassings gemaak moes word weens bepaalde omstandighede. Aangesien daar aan die meeste Graad 9-leerders se punte van die eerste kwartaal aanpassings gemaak is, en daar ook enkele veranderinge by ander leerders aangebring is, sal die rapporte vir die tweede kwartaal die punte van beide die eerste kwartaal en die tweede kwartaal weerspieël. Die nuwe rapport sal dus die Maart-rapport vervang. Hierdie praktyk sal met die September-rapport toegepas word sodat 3 kwartale se punte op een rapport weergegee sal word. Die bevorderingsrapport van Desember sal egter slegs die finale punt vir elke vak aandui.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Marno Sharp, 8G

Sondag

Charlize Els, 9B
Anika Nel, 8A

Maandag

Zander du Preez, 10C
Steyn Fourie, 10B
Lara Hough, 8D
Vicky Schoeman, 10C
Chantelle van Rensburg, 10D

Dinsdag

Lourens van Niekerk, 8C
Wiehan van Rooyen, 9D

Woensdag

Nicole Cornelius, 12D
Llwelyn du Toit, 10G

Donderdag

Ashwin Campher, 10C
Barnard Swanepoel, 9F

Vrydag

Jonelle Delpont-Van Wyk, 8C
Chardené Juta, 8B
Marius van Rooyen, 11B
Jason-Lee Vermaak, 11E

FRAMESBY IS TROTS OP ...

OUDSKOLIERE EN ONDERWYSERS PRESTEER!

Dis altyd lekker om kennis te neem van mooi prestasies deur ons oud-leerders, en wanneer lede van ons personeel presteer of erkenning ontvang vir hul bydrae tot sport of kultuur, vul dit ons met groot trots!

Al is dit 'n bietjie laat, wil ons graag hiermee bietjie spog met een van ons oud-leerders wat uitstekend presteer het by die Statebondspele vroeër vanjaar. **Mona Pretorius**, wat 'n paar jaar gelede by ons klaargemaak het, het in die gewigoptel vir vroue in haar afdeling 'n bronsmedalje verower. Vir almal wat die aksie op TV gevolg het was dit 'n ongelooflike oomblik toe sy met haar finale poging verseker het sy ontvang 'n medalje. Baie geluk, Mona! Framesby is baie trots!

By die toekenningsgeleentheid van die Oostelike Provinsie Krieketunie is een van ons personeellede, **mej Gerry Smith** aangewys as die Youth Administrator of the Year. Mej. Smith lewer oor baie jare reeds 'n ongelooflike groot bydrae tot die ontwikkeling en administrasie van dogterskrieket in die OP, en dis wonderlik dat sy op hierdie wyse erkenning kry. Saam met haar is **mnr. Handré Snetler** die klubbouler van die jaar en ook die beste kolwer in die Mayoral Cup T20. Hy het in hierdie kompetisie 'n gemiddeld van 60 gehandhaaf. Voorwaar 'n pragtige prestasie. Een van ons oud-leerders, **Jana Nell**, is ook by die geleentheid as die Vrouebouler van die Jaar aangewys. Intussen is **mev. Charlene Loftus** ingesluit in die Suid-Afrikaanse Meesters-vrouehokkiespan wat binnekort gaan deelneem aan die Masters World Cup-toernooi wat in Barcelona, Spanje, plaasvind. Dis voorwaar 'n wonderlike prestasie!

Dis egter nie net op die sportveld waar ons oud-leerders uitblink nie. **Bianca Viljoen**, wat in 2012 hier gematrikuleer het, is pas aangewys as die Regstudent van die Jaar by die Nelson Mandela Universiteit. Dis met groot trots dat ons kennis neem van uitmuntende akademiese prestasies! Baie geluk, Bianca. Verlede week is 3 van ons oud-leerders ook deur die Raad op Gesondheidsdienste as mediese spesialiste toegelaat. Hulle is **Annemé Breedt** en **Dirkie Coetzee**, wat beide gekwalifiseer het as narkotiseurs, en **Pieter Spies**, wat as uroloog gekwalifiseer het. Baie geluk aan al hierdie oud-leerders. Ons is SO trots om julle as deel van die Framesby-familie te hê!



PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 26 Mei	Sondag 27 Mei	Maandag 28 Mei	Dinsdag 29 Mei	Woensdag 30 Mei	Donderdag 31 Mei	Vrydag 1 Junie
Rugby: Marlow (W) Dogtershokkie: Victoria Girls (T)		EKSAMEN BL: Sport en Kultuur (17:30)	EKSAMEN BL: Bemarking (17:30)	EKSAMEN	EKSAMEN BL: Geboue, Toerusting en Terrein (17:30)	EKSAMEN Dogters- hokkie: Volkskool(T) ATKV redenaars Semi-finaal

REËLINGS VIR DIE JUNIE-EKSAMEN

Ons het reeds verlede week die basiese reëlins vir die Junie-eksamen deurgegee. Daar is egter 'n paar belangrike aangeleenthede waarvan u moet kennis neem, en daarom versoek ons dat u uself deeglik vergewis van die volgende:

Tydens die eksamen moet alle leerders wat op die bepaalde dag eksamen skryf, om 07:40 by die onderskeie aantreepunte aanmeld vanwaar hulle deur die toesighouers na die eksamenlokale vergesel sal word. Tydens die oggend-skrifsessie sal alle leerders om 11:30 klaar skryf waarna hulle huis toe kan gaan. Die middagsessie begin om 12:30 en alle leerders wat tydens hierdie sessie skryf, moet teen 12:00 by die aantreepunte aanmeld.

Normale skoolreëls geld tydens die eksamen. Dit geld veral vir die voorkoms van ons leerders. Geen seun wat ongeskeer is, sal toegelaat word om eksamen te skryf nie, en dieselfde geld in gevalle waar die leerder se voorkoms nie aan die voorskrifte voldoen nie.

Aangesien hierdie eksamen deel vorm van die Skoolgebaseerde Assesseringsprogram, word afwesigheid sonder 'n doktersertifikaat in 'n baie ernstige lig beskou. In gevalle waar leerders sonder 'n doktersertifikaat afwesig is vir n eksamen, sal die leerder GEEN PUNT vir die betrokke vraestel ontvang nie. Die Departement van Onderwys dring daarop aan dat afwesigheid slegs toelaatbaar is waar 'n mediese praktisyn dit aanbeveel, óf waar omstandighede na die oordeel van die skoolhoof, die afwesigheid van 'n leerder regverdig.

Die Departement van Onderwys het 'n beleid dat leerders in bepaalde gevalle aansoek mag doen vir 'n konsessie rakende skryftyd. Die aansoek vir hierdie konsessies het reeds in Februarie gesluit, en tot op hede is geen terugvoering van die Departement ontvang nie. Vir die leerders wat vanjaar aansoek gedoen het om addisionele skryftyd, sal die konsessie in hierdie eksamen voorwaardelik toegestaan word. Die skoolhoof mag ook sy diskresie toepas om addisionele skryftyd toe te staan in gevalle waar leerders weens beserings aan hande of arms nie in staat is om teen die gewone tempo te skryf nie.

Die skoolprogram gaan normaal voort en in gevalle waar oefeninge en bepalings geskeduleer is, word geen leerder verskoon op grond van die eksamen nie. Die skool het 'n verpligting ten opsigte van bepalings en alles moontlik word gedoen om so min as moontlik inbreuk te maak op ons leerders se studieprogram.

Die eksamen loop op 15 Junie ten einde. Die skole sluit op Vrydag 22 Junie. Tydens die laaste week sal vraestelle gekontroleer en deurgewerk word. Hierdie paar dae kan van onskatbare waarde wees vir al ons leerders, maar ongelukkig word baie ouers deur hul kinders oortuig dat "niks" by die skool gebeur nie en dat hulle by die huis moet bly. Ook in hierdie geval is die Departementele beleid baie duidelik dat skoolbywoning verpligtend is tot die laaste dag. Ons wil ons ouers baie dringend versoek om ons in hierdie verband te ondersteun. Skoolbywoning is verpligtend tot op Vrydag 22 Junie.

EKSAMENROOSTER VIR HIERDIE WEEK

Baie sterkte aan al ons leerders wat hierdie week skryf. Leerders moet 100% seker maak van die vakke wat op elke dag geskryf word, asook die sessie waarin dit geskryf gaan word.

	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Maandag 28 Mei	SW Ges	NW LW	CAT V1 IT V1	LO	LW	IGO	Wisk V1 WG V1	LO
Dinsdag 29 Mei	ENG P 2	EBW	BS V1		CAT V1		ENG P2	IGO V1
Woensdag 30 Mei	NW FW	ENG P2	Wisk V1 WG		REK		CAT V1	
Donderdag 31 Mei	SK	WISK	AFR V2		ENG P2	TOER	AFR V2	
Vrydag 1 Junie	Musiek Xhosa	LO	GEO V1 MUS V1	GEO V2 MUS V2	FW V1		Wisk V2 WG V2	

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

DIS MOONTLIK BY GOD

As 'n mens jouself beter leer ken, weet jy dat dit nie moontlik is om jouself te bekeer nie. Dit is nie net dat daar duisende dinge is wat jou gebonde hou nie, jy hou eintlik jouself gebonde, omdat daar op die bodem van ons hart 'n diepe onwil bestaan om werklik anders te word, om werklik die keuse vir God en teen onself te maak, om werklik vry te word. Ons hou aan allerlei dingetjies vas asof ons lewe daarvan afhang – dingetjies wat ons in elk geval tog die een of ander tyd ontnem sal word. Dit is eintlik uiters irrasioneel om teen God en vir jouself te kies. Dit staan gelyk aan 'n keuse vir die dood teen die lewe. En terwyl dit tog juis ons diepste drang is om onself te red, sou 'n mens verwag dat ons bereid sou wees om daarvoor alles op die altaar te lê – juis ook onself. Maar dit werk nie so nie. Hoe irrasioneel dit ook mag wees, ons is nie by magte om onself los te laat en onself net op Gods genade te werp nie. Ons is emosioneel so sterk by onself betrokke, dat ons die een ding wat werklik nodig is om vir eie behoud te doen, weens ons verdraaide selfliefde juis nie wil en kan doen nie. Ons is soos 'n drenkeling wat vir lewe en dood vashou aan 'n sinkende wrakstuk en nie die moed het om die risiko te loop om dit te los en die reddingstou wat hom toegewerp word, aan te gryp nie. Ons vrees die dood en kies daarom juis in ons verblindings die dood en teen ons enigste moontlikheid om vry te word. Uiteindelik sal ons saam met die wrakstuk sink, omdat ons nie kans gesien het om die keuse tussen die oue en die nuwe te doen nie.

Dit is net God wat 'n mens werklik in staat kan stel om die oue te los en die nuwe te kies. Toe die ryk jong man bedroef van Christus weggegaan het, het Christus gesê dat dit vir 'n ryk man net so moeilik sal wees om in die koninkryk van God in te gaan, as wat dit vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te gaan. Sy dissipels was nie ryk mense in die materiële sin van die woord nie. Maar hulle het verstaan dat die woord van Christus diepe implikasies het vir elke mens. Die "rykdom" waaraan 'n mens kan vasklou, kan baie gestaltes hê, en niemand moet dink dat materiële armoede vanselfsprekend 'n mens deel laat ontvang aan die koninkryk van die hemele nie. Ons almal, of ons ryk of arm is, geleerd of ongeleerd, met aansien of onbenullig in die oë van die mense, het 'n ou lewe wat prysgegee en 'n nuwe lewe waarvoor 'n beslissende keuse gemaak sal moet word. Dis vir niemand van ons moontlik om dit te doen nie – net so min as wat dit vir 'n kameel moontlik is om deur die oog van 'n naald te gaan. Dit is ook geen keuse wat slegs een maal gedoen kan word nie. Dit herhaal homself daaglik, dikwels in 'n intensiewer vorm namate ons met God op weg is. Watter troos dat Christus gesê het dat wat by die mense onmoontlik is, by God moontlik is! Dit is werklik vir God moontlik om 'n mens vry te maak, om hom nuut te maak, om hom anders te maak.

Uit *Die Burger*, 20 Mei 1978

HOKKIEPROGRAM VS VICTORIA GIRLS HIGH

Ons dogtershokkiespanne speel môre teen die sterk spanne van Victoria Girls High. Van die wedstryde vind by Framesby plaas en die res op die Gelvendale Astro. Ons hokkiespanne werk ongelooflik hard en sit lang ure in om op die Astro te gaan oefen. Dit sal wonderlik wees as hulle môre kan staatmaak op GROOT ondersteuning. Ons eerstespan het tydens die week afgereken met Westering, en ons hou styf duim vas dat hulle die Victoria-dames bietjie op hulle neuse gaan laat kyk! Sterkte aan al ons spanne. Die program is as volg:

Tyd	Span	Veld
09:00	O/16A	Framesby
09:50	O/16B	Framesby
10:00	2de	Gelvendale
11:00	1ste	Gelvandal

PROGRAM VIR DIE WEDSTRYDE TEEN MARLOW

Ons jaarlikse bepaling teen die Hoër Landbouskool Marlow is een van die bepalings wat ons vir baie jare reeds koester. Hierdie bepaling word reeds sedert die middel 1980's ononderbroke elke jaar nagekom en sal beslis vir jare een van die hoogtepunte op ons rugbykalender bly. Die mededinging tussen hierdie twee skole is besonder straf, en Marlow word maar moeilik geklop op die plaas. Ons spanne het dus al die ondersteuning nodig wat hulle kan kry! Hoop ons sien ons ouers daar in groot getalle.

Die program vir die dag is hieronder aangebring. Hul velde het almal name, en die Willie Meyer-veld is die hoofveld.

Tyd	Willie Meyer	Kaia	Spook huis
09:30	3de	O/14A	O/15B
10:40	O/15A	O/16B	4de
11:50	2de		
13:00	O/16A	O/14B	O/15C
15:00	1ste		

Die eerste deel van ons rugbyseisoen loop volgende week ten einde met die bepaling teen Brandwag, wat op ons velde gaan plaasvind. Al ons rugby-, netbal- en hokkiespanne gaan in aksie wees, en ons kan uitsien na 'n dag vol aksie en klipharde mededinging